GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2024

**10792**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 2)**

TYD: 3 uur

PUNTE: 150

GESKIEDENIS V2
10792A

9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye

X05

More Recourses
Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring
TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT OP HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET BURGERLIKE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA OP PW BOTHA SE HERVORMINGS EN APARTHEIDSBEPERKINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Identifiseer enige DRIE eise wat deur die gemeenskapsorganisasies aan die regering gestel is. (3 x 1) (3)

1.1.2 Watter vorm, volgens die bron, het die verbruikersboikotte aangeneem? (1 x 1) (1)

1.1.3 Verduidelik die term *Noodtoestand* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Wat, na jou mening, sou tot die binnegevegte tussen die twee liberale organisasies AZAPO en die UDF bygedra het. (1 x 2) (2)

1.1.5 Lewer kommentaar op wat deur die stelling geïmpliseer word, '…hulle moes verseker dat dit 'n konstruktiewe politieke rigting inslaan.' (1 x 2) (2)

1.2 Bestudeer Bron1B.

1.2.1 Hoekom, volgens die spreker in die bron, was baie townships aan die brand? (1 x 1) (1)

1.2.2 Noem enige TWEE strukture wat in die bron genoem word wat deur die 'M Plan' van die 1950's geïnspireer is. (2 x 1) (2)

1.2.3 Verduidelik in jou eie woorde hoe die volgende boikotte gedurende die 1980's deur aktiviste uitgevoer is:

(a) Huur (1 x 2) (2)
(b) Verbruikers (1 x 2) (2)

1.2.4 Wat het mnr. Obed Bapela bedoel toe hy gesê het 'Alexandra het toe ... in die prentjie gekom' in die konteks van townships wat op apartheidswette reageer? (1 x 2) (2)

1.2.5 Waarom sou jy die bron betroubaar ag vir 'n historikus wat die aktiwiteite van burgerlike organisasies teen die apartheidsregering in die 1980's bestudeer? (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Wat, volgens die bron, was 'Operasie Palmiet'? (1 x 1) (1)

1.3.2 Verduidelik die konsep *End Conscription Campaign* (Beëindig Verpligte Diensplig Veldtog) in die konteks van die weerstand teen Botha se hervormings. (1 x 2) (2)

1.3.3 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die nasionale leiers van die UDF tydens die Transvaal se grootste wegbly-aksie nie kon ontmoet nie. (1 x 1) (1)

1.3.4 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die stelling, 'Die Transvaalse wegblyaksie het die mag van massa-aksie getoon, maar dit het nie die onderdrukking gekeer nie' in die konteks van die protesaksies in die 1980's. (1 x 2) (2)

1.3.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe swart gemeenskappe dit geregverdig het om ander swart gemeenskapslede dood te maak. (1 x 2) (2)

1.3.6 Hoeveel mense, volgens die bron, is deur die SAW in Botswana vermoor? (1 x 1) (1)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Hoekom dink jy is hierdie plakkaat geskep? (2 x 2) (4)

1.4.2 Watter bewyse uit die bron dui daarop dat die plakkaat 'n beroep doen op die volgende?

(a) Die regering (1 x 1) (1)
(b) Die gewone burgers (1 x 1) (1)

1.5 Verwys na Bronne 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B bewyse in Bron 1D ondersteun aangaande die weerstand teen apartheid in die 1980's. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe burgerlike organisasies in Suid-Afrika op PW Botha se hervormings en apartheidsbeperkings in die 1980's gereageer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN -VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDSAAK VAN DIE CRADOCK-VIER HANTEER?**

Bestudeer bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die kritieke vraag wat deur die val van apartheid in Suid-Afrika aangevoer is? (1 x 2) (2)

2.1.2 Definieer die begrip *herstellende geregtigheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Hoekom, dink jy, het die WVK nie gefokus op die straf en vervolging van die oortreders van menseregte nie? (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar oor die vereistes waaraan die oortreders moes voldoen om amnestie toegestaan te word. (1 x 2) (2)

2.1.5 Identifiseer, uit die bron, enige DRIE anti-apartheidsaktiviste wat deur die veiligheidspolisie vermoor is. (3 x 1) (3)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Gee TWEE bewyse uit die bron wat daarop dui dat die Cradock-vier deur die veiligheidspolisie vermoor is. (2 x 1) (2)

2.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die apartheidsveiligheidspolisie om amnestie aansoek gedoen het. (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik die begrip *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom jy dink die tweede geregtelike doodsondersoek, om die Cradock-Vier-moordsaak te ondersoek, goedgekeur is. (1 x 2) (2)

2.2.5 Verduidelik die implikasie van die frase, ‘ ’n magtiging dat 'bogenoemde persone permanent, as ’n saak van dringendheid, uit die samelewing verwyder moet word’ in die konteks van die veiligheidspolisie-aktiwiteite in Cradock. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Hoekom dink jy is hierdie plakkaat geskep? (2 x 2) (4)

2.3.2 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die stelling, 'Laat ons reguit met mekaar praat ... sodat ons saam die pad na versoening kan stap', in die konteks van die WVK-verhore. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Hoekom, volgens die bron, het die families van die Cradock-vier besluit om met 'n klasaksie-geding (groep) voort te gaan? (1 x 2) (2)

2.4.2 Wie, volgens die bron, was die laaste lewende verdagte in die Cradock Vier-moordsaak? (1 x 1) (1)

2.4.3 Waarom sou 'n historikus hierdie bron as nuttig beskou in die ondersoek van die Cradock Vier-saak? (2 x 2) (4)

2.4.4 Wat is die implikasie van mev. Calata se woorde "Ek dink dat selfs ons regering bang is om te vervolg, want as dit sou gebeur, sal diegene wat verantwoordelik was, sommige mense in ons organisasie (ANC) impliseer"? (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bronne 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C verskil van die bewyse in Bron 2D oor hoe die WVK die Cradock Vier-moordsaak hanteer het. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids- en -Versoeningskommissie (WVK) die moordsaak van die Cradock-vier hanteer het. (8)

**[50]**

# MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM LOS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2024

**10792**

**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 2)**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

## VRAAG 1: HOE HET BURGERLIKE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA OP PW BOTHA SE HERVORMINGS EN APARTHEIDSBEPERKINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder skets die reaksie van die United Democratic Front (UDF) en gemeenskapsgeaffilieerde organisasies op Botha se hervormings in die 1980's.

Die oproep tot die verbruikersboikot het uit gemeenskapsorganisasies gekom en in 1985, onder leiding van die UDF en geaffilieerde organisasies, gegroei. Hulle het eksplisiete (duidelike) polities nasionale eise gestel: die opheffing van die Noodtoestand, die verwydering van die polisie en weermag uit townships, en die vrylating van alle politieke gevangenes en aangehoudendes.

Die boikotte het behels dat daar nie by winkels in hoofsaaklik wit besit en winkels wat deur swart medewerkers met die apartheidsregime besit word, gekoop word nie. In sommige gevalle is dit aangevul (vergesel) met plaaslike eise soos dié vir demokratiese studenteverteenwoordigende rade en eise wat op die plaaslike regering gerig is. COSATU het ŉ nasionale eis vir politieke regte vir almal bygevoeg.

Die boikot het stuk-stuk (ongeorganiseerd) in ŉ aantal klein Kaapse dorpies begin. Dit het teen middel Julie in Port Elizabeth gegroei en daarna deur die res van die Oos-Kaap en na die Wes-Kaap, Transvaal en Natal versprei.

ŉ Verslag oor die verbruikersboikotte in *Work in Progress* in 1985 lui:

Die eerste groot stedelike fokus van verbruikersboikotaksie, Port Elizabeth, het byna totale gemeenskapsteun vir die veldtog ondervind sedert dit op 14 Julie begin het ... Die inisiatief vir die boikot het vroeg in Julie vanaf ŉ groep township-vroue gekom, wat van ŉ aanvanklike 150 tot 700 gegroei het. ŉ Paar was lede van die Port Elizabeth *Black Civic Organisation* (PEBCO), en die Port Elizabeth *Youth Congress* (PEYCO), maar baie was onverbonde (onverenig). Hulle was kwaad oor polisiebrutaliteit, die noodtoestand, township-toestande en die binnegevegte tussen die UDF en AZAPO *(Azanian People's Organisation).* Plaaslike gemeenskapsaktiviste en -leiers was huiwerig om boikotaksie te neem, en dit is deeglik gedebatteer ... gemeenskaps-organiseerders het gevoel dat hulle nie die spontane optrede van hul kiesers kon ignoreer nie. Maar hulle moes verseker dat dit ŉ konstruktiewe politieke rigting inslaan, en dat organisatoriese krag en diepte tydens die proses verbeter word ... Die UDF en sy bondgenote het die voortou geneem om taktiek te bespreek en die boikot uit te roep.

**[Uit *https://www.saha.org.za/udf/consumer_boycotts.htm.* Toegang op 2 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 1B**

Die artikel hieronder is die beskrywing deur Obed Bapela (ŉ politieke aktivis tydens die apartheidsera) rakende die vorming van straatkomitees en volkshowe in die 1980's in Alexandra. Hy het hierdie getuienis tydens ŉ WVK-verhoor in Oktober 1996 in Alexandra gelewer.

Die gebeure wat tot die sesdaagse oorlog gelei het, het in 1985 begin, om en by Junie, dink ek, toe baie townships in Suid-Afrika aan die brand was. Daar was baie bedrywighede en opstande in die meeste van die townships in daardie tyd en die Oos-Kaap was die voorloper in daardie tydperk wat ek genoem het, en hierdie het soort van baie ander townships geïnspireer in die geloof dat die aktiwiteite in die Oos-Kaap hulle aan die "M-plan"* herinner het, die Mandela plan, wat in die 1950's bekend was, en toe wou mense regtig ook ŉ proses begin om daardie strukture van die straatkomitees te vestig, die blokkomitees en die werfkomitees binne hul eie gebiede, binne hul eie townships. En ook in die Transvaal, die destydse Transvaal, was die hoofaktiwiteit die begin van die huurboikotte in die Vaal, Sebokeng en Sharpeville townships en toe het dit na Soweto versprei, en Alexandra het toe ook gedurende 1986 in die prentjie gekom. En ook gedurende 1985 was daar die verbruikersboikot ... daardie aktiwiteite het ook in Alexandra plaasgevind, waar mense verhoed is om by wit winkels te koop en dan om slegs by swart winkels te koop.

So dit is dan die gebeure wat voortgebou het op die mobilisering wat daar in Alexandra was en rondom Januarie was daar skietvoorvalle wat by winkels in Derdelaan en Londonstraat plaasgevind het ... Ek weet nie wat die voorval uitgelok het nie, maar wat ons gelees het, was dat die sekuriteitswag wat daar op diens was op ŉ paar jeugdiges geskiet het, wat kom koop het of in daardie spesifieke area rondgespeel het ... So, toe was een van daardie jongmense wat geskiet is, Michael Duradingwe, en ek dink dit het die hele situasie in Alexandra uitgelok, daardie moord … gedurende die naweek waarop hy begrawe is, wat die naweek van 15 Februarie was, het die begrafnis het by die Alexandra-stadion plaasgevind en toe na die begrafnis … het die polisie gekom en mense by daardie begrafnis met traangas bestook en dit het toe regtig die jeug van ons township uitgelok om te mobiliseer. En toe begin aanvalle waar die polisie die teikens geword het en toe was Alexandra vir ŉ tydperk van ses dae in vlamme en daarom het ons ongeveer 19 mense gedurende daardie spesifieke tydperk verloor.

Die idee (om straatkomitees te vorm) was ŉ idee wat ons in die Oos-Kaap gesien ontwikkel het en gelukkig het ek destyds vir die Media-en Hulpbronsentrum gewerk en het baie na die Oos-Kaap gereis om idees oor organisasies, mediavaardighede en pamflette (ontwerp van pamflette) ensovoorts te gaan uitruil. So is mens blootgestel aan straatkomitees; hoe hulle werk en funksioneer ...

**[Uit *https://www.saha.org.za/udf/peoples_power.htm.* Toegang op 02 Januarie 2024 verkry.]**

* M-Plan: ŉ Plan in swart gemeenskappe om alternatiewe strukture te verskaf in die afwesigheid van enige staatsdienste

**BRON 1C**

Die bron hieronder verduidelik hoe die apartheidsregering anti-apartheidsaktiwiteite in die 1980's in swart woonbuurte onderdruk het.

In Oktober 1984 het die apartheidstaat op die Vaal-onrus en die byna totale boikot van die kleurling- en Indiese verkiesings gereageer deur 7 000 Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) troepe na die swart townships van die Vaal te stuur om die opstand te onderdruk. Hulle het hierdie 'Operasie Palmiet' genoem.

Die UDF, en 'n nuutgestigte organisasie genaamd die End Conscription Campaign (ECC) geëis dat het SAW-troepe uit die townships padgee.

In November het UDF-affiliasies in die Transvaal die grootste werk-wegblyaksie in 35 jaar georganiseer. Dit is gedoen deur middel van burgerlikes, jeuggroepe, vakbonde en ander township-gebaseerde organisasies. Die UDF nasionale leierskap was destyds in wanorde (deurmekaar) – hetsy in aanhouding of het weggekruip – en kon dus nie ontmoet nie. Die Transvaalse wegblyaksie het die mag van massa-aksie getoon, maar dit het nie die onderdrukking gekeer nie. Beide die massageweld en die regeringsonderdrukking het verder versprei.

Gedurende die eerste deel van 1985 is die polisie en die SAW in townships regoor die land ontplooi. Die polisie en die weermag het op skares geskiet – dikwels op mense wat bymekaargekom het om die dooies van vroeë skietvoorvalle te begrawe. Leiers en aktiviste is aangehou. Gemeenskappe – beide in stedelike en in landelike gebiede – het teen daardie mense wat klaarblyklik vir die regering gewerk het, gedraai – polisiemanne, "gemeenskapsraadslede", staatsinformante, "samewerkers". Sommige is vermoor; ander het gevlug. Op 21 Maart – die herdenking van die Sharpeville-slagting in 1960 – het die polisie op 'n betoging in Uitenhage losgebrand en 20 mense doodgemaak.

Op 8 Mei is drie leiers van die Port Elizabeth Civic Organisation, PEBCO – Sipho Hashe, Qaqawuli Godolozi en Champion Galela – deur die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie ontvoer en vermoor.


Op 14 Junie het die SAW die huise van mense in ballingskap in Botswana aangeval en 12 mense doodgemaak.

In Julie is vier leiers van die Cradock-gemeenskap, Matthew Goniwe, Fort Calata, Sicelo Mhlauli en Sparrow Mkhonto (die Cradock-vier) vermoor gevind.

**[Uit *https://www.saha.org.za/udf/troops_occupy_the_townships.htm.* Toegang op 02 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 1D**

Die plakkaat hieronder is deur die United Democratic Front (UDF) geskep. Dit gaan oor die eise wat die burgerlike organisasies aan die apartheidsregering gestel het. Dit beklemtoon die eise van ʼn verbruikersboikot in die Wes-Kaap, insluitend die beëindiging van die noodtoestand en onderdrukkende optrede deur die staat.




**[Uit *https://www.saha.org.za/udf/we_demand_fewer_guns_higher_wages_udf_support_the_consumer_boycott_2.htm.* Toegang op 02 Januarie 2024 verkry.]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDSAAK VAN DIE CRADOCK-VIER HANTEER?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1995.

Die val van apartheid en die talle (baie) voorbeelde van menseregtevergrype deur die staat teen sy teenstanders het ŉ aantal kritieke (belangrike) vrae destyds vir Suid-Afrikaners laat ontstaan. Van die vele kwessies wat aangespreek is, was die behoefte om ŉ instelling te skep vir die herstel van geregtigheid wat geweier is aan baie slagoffers wat tydens die apartheidsregering vermoor is. Net soos die talle waarheidskommissies wat in Oos-Europa en Latyns-Amerika gestig is ná die instelling van demokrasie in daardie streke, het die Waarheids-en-Versoeningskommissie in Suid-Afrika uit die Kempton Park-onderhandelinge tussen die Nasionale Party (NP) en die African National Congres (ANC) as deel van die onderhandelde oorgang (verandering) na demokrasie in Suid-Afrika ontstaan. Dit is gestig met die doel om ŉ herstellende, eerder as vergeldende geregtigheid, daar te stel.

Die doel van die WVK was nie om oortreders van die staat se onderdrukking (verplettering) van sy opposisie te vervolg en straf op te lê nie, maar eerder om afsluiting vir die talle slagoffers en hul families te bring in die vorm van die volle openbaarmaking van die waarheid**.** Die amnestieverhore wat die WVK tussen 23 Februarie en 6 Maart 1998 onderneem het, verteenwoordig hierdie mikpunte, deur volle amnestie aan diegene wat na vore gekom het en hul misdade bely het, te bied.

In die geval van Johan van Zyl, Eric Taylor, Gerhardus Lotz, Nicholas Van Rensburg, Harold Snyman en Hermanus du Plessis bied die amnestieverhore meer as net ŉ getuienis van hul misdade. Die amnestieverhore vir die moorde op ŉ groep anti-apartheidsaktiviste bekend as die Cradock-Vier (Matthew Goniwe, Sparrow Mkhonto, Fort Calata en Sicelo Mhlauli) toon die omvang van die geweld wat die apartheidstaat op sy eie burgers gebruik het om enige opposisie stil te maak en sy gesag te behou.

**[Uit *https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2020%20NSC%20Exam%20papers/Non-Languages%20Nov%202020%20PDF/History/History%20P2%20Nov%202020%20Eng.pdf?ver=2020-12-01-125551-000.* Toegang op 03 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 2B**

Die bron hieronder is geneem uit die *Daily Maverick.* Dit skets hoe die Cradock-Vier anti-apartheidsaktiviste in 1985 deur die Veiligheidspolisie vermoor is.

Op 27 Junie 1985 het vier anti-apartheidsaktiviste van Cradock; Matthew Goniwe, Fort Calata, Sicelo Mhlauli en Sparrow Mkonto, van ŉ vergadering van die United Democratic Front (UDF) in Gqeberha, (voorheen Port Elizabeth) na Cradock gereis. Die vier het nooit weer na Cradock teruggekeer nie. Hulle is op pad huis toe deur die veiligheidspolisie onderskep (gevang) en hul verkoolde oorskot is dae later ontdek. Hul erg verbrande liggame het elkeen talle steekwonde gehad; forensiese verslae het tekens van marteling en ander fisiese skade bevestig. Hul motor, wat ook onherkenbaar verbrand het, se nommerplate is aangebring (aangeplak) en was blykbaar onaangeraak deur die brand en het nie aan die oorspronklike voertuig behoort nie.

… Hoewel die apartheidstaat sy betrokkenheid by die moord op die Cradock-vier ontken het, het die identiteite van die moordenaars by die twee geregtelike doodsondersoeke na vore begin kom, insluitend toe hulle later om amnestie by die Waarheids-en Versoeningskommissie (WVK) aansoek gedoen het. Onthullings van die geheime militêre berig (instruksie), gedateer Junie 1985, het na vore gekom, wat aandui dat die vier aktiviste in opdrag van die Staatsveiligheidsraad (SVR) vermoor is.


Oud-president De Klerk, onder die druk van mediagroepe, die Black Sash en die families, is na die *New Nation* se publikasie van die hoogs-geheime militêre berig (instruksie), genoodsaak (verplig) om ŉ tweede geregtelike doodsondersoek in 1992 te magtig.

Die uitgelekte militêre berig (instruksie) wat in Afrikaans geskryf is, spreek tot ŉ magtiging dat "bogenoemde persone permanent, as ŉ saak van dringendheid, uit die samelewing verwyder moes word".

**[Uit *https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-06-27-cradock-four-families-denied-the-right-to- truth-and-justice-for-36-years/.* Toegang op 03 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 2C**

Die plakkaat hieronder is deur die WVK gebruik om beide oortreders en slagoffers uit te nooi om te getuig oor die misdade wat vanaf die 1960's tot 1994 gepleeg is.




**[Uit *https://www.saha.org.za/news/2016/April/gallery_honouring_20_years_since_the_first_public_hearings_of_the_trc.htm.* Toegang op 09 Januarie 2024 verkry.]**

Vertaling:

**DIE WAARHEID MAAK SEER, MAAR STILTE MAAK DOOD**

**LAAT ONS REGUIT MET MEKAAR PRAAT. DEUR DIE WAARHEID TE PRAAT. DEUR ONS STORIES VAN DIE VERLEDE TE VERTEL, SODAT ONS SAAM DIE PAD NA VERSOENING KAN STAP.**

**WAARHEID. DIE PAD NA VERSOENING.**

**BRON 2D**

Die bron hieronder is ŉ uittreksel geneem uit die *Herald Live*. Dit beklemtoon hoe die Cradock-vier se families (onder leiding van mev. Calata) gereageer het op die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) omdat hulle in 1985 die vervolging van die Staatsveiligheidspolisie vir die moord op die Cradock-vier uitgestel het. Die families het om ŉ klasaksie-geding (groep) teen die NVG aansoek gedoen.

Die families van die vermoorde anti-apartheidsaktiviste bekend as die Cradock-vier is besig om voort te gaan met ŉ klasaksie-geding (groep) om die staat te dagvaar omdat hy die vervolging van diegene wat vir hul dood verantwoordelik is, vertraag het. Fort Calata se vrou, Nomonde, het gesê die familie het onlangs prokureurs ontmoet om ŉ pad vorentoe te baan in hul strewe (soektog) na geregtigheid rakende die moord op hul geliefde ná die dood van Hermanus Barend du Plessis, die laaste lewende verdagte in die moordsaak. Sy het gesê hul strewe na geregtigheid het 25 ander gesinne ingesluit wat deel was van die Waarheids- en Versoeningskommissie en wat geliefdes aan die hand van die apartheidspolisie verloor het.

"Ons het Saterdag met ons prokureurs vergader om ŉ paar dinge uit te stryk wat nog in ons strewe na geregtigheid gedoen moet word," het sy gesê. Calata het gesê hoewel daar ná Du Plessis se dood op 16 Mei 2023 niemand meer oor is om te vervolg nie, daar genoeg bewyse is om die staat te dagvaar omdat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) glo doelbewus vervolging baie keer uitgestel het. "Die staat moet dus nou verantwoordelikheid neem," het sy gesê. "Ons glo die vertraging was doelbewus. Ek dink dat selfs ons regering bang is om te vervolg, want as dit sou gebeur, sal diegene wat verantwoordelik is, sommige mense in ons organisasie [ANC] impliseer (betrek). "Of miskien is daar in die tyd van onderhandelinge vir demokrasie ooreengekom dat vryheid verleen sal word mits sommige politieke sake tersyde gestel word." Sy het gesê hul prokureurs berei voor om regsdokumente in te dien omdat hulle wil hê die saak teen Mei afgehandel moet wees. Calata het bygevoeg dat hulle die staat genoeg tyd gegee het.

"Dit gaan nie net oor die Calata-familie of die geld nie, want geen bedrag geld kan my man terugbring nie, maar as ons in staat kan wees om, uit wat ook al aan die gang is, my man se nalatenskap te laat herleef en te doen wat hy vir die mense van Lingelihle-township wou hê, sal dit afsluiting vir my en my gesin bring, en eers daarna kan ek in vrede sterf met die wete dat geregtigheid geskied het," het Calata gesê.

**[Uit:*https://www.heraldlive.co.za/weekend-post/your-weekend/2023-09-03-calata-family-forges-ahead-with-pursuit-of-justice/.* Toegang op 04 Januarie 2024 verkry.]**

## VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING VOEDSELSEKERHEID IN ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE IN DIE 21ste EEU BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Die bron hieronder is ŉ verslag oor die Globale Voedselsekerheidsberaad (Global Food Security Summit) wat op 20 November 2023 gehou is. Dit fokus op die toenemende voedselsekerheidskrisis en pogings deur wêreldleiers om wêreldhonger te beëindig.

Die VK (Verenigde Koninkryk) sal die Globale Voedselsekerheidsberaad op 20 November 2023 aanbied, waar vooraanstaande kundiges bymekaar sal kom om "die oorsake van voedselonsekerheid en wanvoeding aan te pak, insluitend deur middel van die nuutste Brits befondsde wetenskap en tegnologie" en dit kon nie op ŉ meer deurslaggewende tyd gebeur nie. In die Verenigde Koninkryk en in die buiteland is voedselonsekerheid aan die toeneem.

In 2022 was daar 4,7 miljoen mense, of 7% van die Britse bevolking, in voedselarmoede. Op die oomblik is een uit elke 10 mense op aarde onseker waar hul volgende maaltyd vandaan sal kom en na raming staar 345 miljoen mense akute honger en hongersnood in die gesig, ŉ styging van 119% sedert 2019.

Tog kan minder as 12% van die VK se militêre begroting honger vir ŉ jaar wêreldwyd beëindig.

Terwyl die Wêreldvoedselprogram (WVP) ŉ rekordbrekende 14 miljard dollar in 2022 kon insamel, was dit steeds ver te kort van die 40 miljard dollar wat dit jaarliks nodig het om die wêreld se hongeres te voed.

As die afgelope jaar ons iets gewys het, is dit dat ŉ skoenlapper se vlerke wat aan die een kant van die wêreld klap, in staat is om honger aan die ander kant te dryf. Die grootste faktor wat honger dryf, is konflik. 70% van die wêreld se hongeres woon in gebiede wat konflik en geweld ervaar. Putin se inval in die Oekraïne in 2022 het ŉ rippeleffek (domino-effek) oor die hele wêreld veroorsaak wat die pryse van koring, graan en kunsmis verhoog het, aangesien die voortslepende oorlog toegang tot hierdie noodsaaklike voedselproduserende noodsaaklikhede vir die res van die wêreld beperk of heeltemal ontwrig het.

Die klimaatskrisis is die tweede grootste drywer van honger in die wêreld, wat mense se vermoë ondermyn (verminder) om hulself en hul gesinne te voed deur die vernietiging van lewens, oeste en lewensbestaan.

Die Globale Voedselsekerheidsberaad sal teen hierdie agtergrond in Londen plaasvind en sal fokus op nuwe benaderings om voorkombare sterftes van kinders aan te pak, klimaatbestande (sterk) en volhoubare (hernubare) voedselstelsels te bou, vroeë optrede te ondersteun om die impak van humanitêre krisisse te voorkom en te verminder, en die gebruik van wetenskap en tegnologie om voedselsekerheid vir mense in die lande wat die swaarste getref word, te bevorder.

**[Uit *https://www.globalcitizen.org/en/content/uk-global-food-summit-world-hunger/* Toegang op 9 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder is geneem uit ŉ artikel getiteld: *Geglobaliseerde voedselstelsels maak honger erger*. Dit beklemtoon hoe globalisering tot voedselonsekerheid regoor die wêreld bygedra het.

Van COVID-19 tot die Russiese president Vladimir Putin se oorlog teen die Oekraïne tot klimaatsverandering, blyk dit dat al die rampe wat die wêreld teister (vernietig) konvergeer (saamloop) om honger te vererger. Die wêreld het in jare nie honger op hierdie vlakke gesien nie. Die wêreld se voedselstelsels is meer onderling verbonde en kompleks as ooit, gebou op lae van transnasionale (buite nasionale grense) afhanklikhede. Dit is hoekom ŉ oorlog in Europa ŉ hongersnood in Somalië kan vererger – ŉ land wat die meeste van sy koring invoer en gesien het hoe sy voorraad brood amper oornag in duie stort toe die uitvoer van Oekraïense koring opgehou het. Maar in plaas daarvan om die broosheid (swakheid) van die voedselstelsel te verminder, vererger die jongste internasionale pogings wat deur die Verenigde State gelei is om honger te beëindig, dit net, veral vir Afrika, deur die stelsel verder te globaliseer. Amerikaanse president, Joe Biden, het Afrika-leiers wat in Washington vergader het, belowe dat die Verenigde State "alles in" is met Afrika. Maar die VSA moet seker maak dat dit op die regte manier "alles in" is, veral wanneer dit by kos kom. Klimaatsverandering-verwante weergebeurtenisse, inflasie en die Oekraïne-oorlog het hierdie spanning vererger en veroorsaak dat ŉ komplekse en hoogs geïndustrialiseerde voedselstelsel nie in staat is om die behoeftigste mense in die wêreld te bedien nie, selfs al hou dit bestendige voorrade vir die Globale Noorde in stand. Dit is toenemend duidelik dat globalisering in oomblikke wanneer die wêreld onder erge stres verkeer, nie ŉ sterkpunt is nie, maar ŉ swakheid. Vandag is 80 persent van die wêreld se bevolking ten minste gedeeltelik afhanklik van voedselinvoere om te eet, en die geld wat hulle aan ingevoerde voedsel spandeer, het in die afgelope 25 jaar verdriedubbel. Ongeveer die helfte van die 50 lande met die hoogste pandemie-geïnduseerde prysstygings is ook onder die lande wat die meeste van voedselinvoere afhanklik is, en ongeveer driekwart van daardie oeste het hul oorsprong in die Globale Suide.

**[Uit *https://www.aljazeera.com/opinions/2022/12/16/american-globalisation-is-aggravating-africas-hunger.* Toegang op 9 Januarie 2024 verkry.]**

**BRON 3C**

Die spotprent hieronder is getiteld ‘Kapitalistiese Honger’. Dit is geneem uit ’n verslag van die Verenigde State se Departement van Landbou. Dit beklemtoon dat voedselonsekerheid ’n groot uitdaging in die meeste lande in die Globale Noorde is.




**[Uit *https://i.pinimg.com/736x/e1/66/1d/e1661d3c52f9a746832104 ebe5f35e6e.jpg.* Toegang op 5 Januarie 2024 verkry.]**

**HONGER: ’N DING VAN DIE VERLEDE IN DIE GOEIE OU VSA!**

**Goeie Nuus, julle Ouens! Die VSA sê ons is nie meer honger nie, net “voedsel-onseker”**

GEEN HONGER IN DIE VSA, SLEGS VOEDSELONSEKERHEID

SAL VIR KOS WERK

EN JY IS OOK NIE HAWELOOS NIE, NET “SKUILING-ONSEKER”

**BRON 3D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel getiteld: 'Wêreldbank se reaksie op stygende Voedselonsekerheid'. Dit beklemtoon die aksies wat deur die internasionale instellings en die Wêreldbank geneem is om voedselonsekerheid in ontwikkelende lande te verlig.

As deel van 'n omvattende (grootskaalse), wêreldwye reaksie op die voedselsekerheidskrisis, het die Wêreldbank in April 2022 aangekondig dat hy tot 30 miljard dollar oor 'n tydperk van 15 maande, insluitend 12 miljard dollar in nuwe projekte beskikbaar gemaak sou word. Die finansiering is om voedsel- en voedingsekerheid 'n hupstoot te gee, risiko's te verminder en voedselstelsels te versterk, produsente en verbruikers te ondersteun, verhoogde handel in voedsel en handelsinsette te fasiliteer, kwesbare huishoudings te ondersteun en in volhoubare voedsel- en voedingsekerheid te belê.

In Mei het die Wêreldbankgroep en die G7-presidensie (Kanada, Frankryk, Duitsland, Italië, Japan, die Verenigde Koninkryk en die VSA) saam die Globale Alliansie vir Voedselsekerheid byeengeroep (georganiseer), wat daarop gemik is om 'n onmiddellike en gesamentlike (gekombineerde) reaksie op die ontvouende globale hongerkrisis te kataliseer (aktiveer). Die Alliansie het die publiek-toeganklike Globale Voedsel- en Voedingsekuriteit Paneelbord *(Dashboard)* ontwikkel, wat tydige inligting aan globale en plaaslike besluitnemers verskaf om te help om koördinering van die beleid en finansiële reaksie op die voedselkrisis te verbeter.

Die hoofde van die IMF (Internasionale Monetêre Fonds), die Wêreldbankgroep, WVP (Wêreldvoedselprogram) en die WHO (Wêreldhandelsorganisasie) het 'n Derde Gesamentlike Verklaring op 8 Februarie 2023 vrygestel. Die verklaring doen 'n beroep om 'n verslegting van die voedsel- en voedingsekerheidskrisis te voorkom, verdere dringende aksies word vereis om hongerbrandpunte te red, handel te fasiliteer, die funksionering van markte te verbeter, die rol van die privaatsektor te versterk, en skadelike subsidies met noukeurige teikening en doeltreffendheid te hervorm en hergebruik.

**[Uit *https://www.worldbank.org/en/topic/agriculture/brief/food-security-update.* Toegang op 9 Januarie 2024 verkry.]**

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://www.saha.org.za/udf/consumer_boycotts.htm

https://www.saha.org.za/udf/peoples_power.htm

https://www.saha.org.za/udf/troops_occupy_the_townships.htm

https://www.saha.org.za/udf/we_demand_fewer_guns_higher_wages_udf_support_the_consumer_boycott_2.htm

https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/2020%20NSC%20Exam%20papers/Non-Languages%20Nov%202020%20PDF/History/History%20P2%20Nov%202020%20Eng.pdf?ver=2020-12-01-125551-000

https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-06-27-cradock-four-families-denied-the-right-to-truth-and-justice-for-36-years/

https://www.saha.org.za/news/2016/April/gallery_honouring_20_years_since_the_first_public_hearings_of_the_trc.htm

https://www.heraldlive.co.za/weekend-post/your-weekend/2023-09-03-calata-family-forges-ahead-with-pursuit-of-justice/

https://www.globalcitizen.org/en/content/uk-global-food-summit-world-hunger/

https://www.aljazeera.com/opinions/2022/12/16/american-globalisation-is-aggravating-africas-hunger.

https://i.pinimg.com/736x/e1/66/1d/e1661d3c52f9a746832104ebe5f35e6e.jpg

https://www.worldbank.org/en/topic/agriculture/brief/food-security-update.Accessed

**EINDE**

**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING VOEDSELSEKERHEID IN ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE IN DIE 21STE EEU BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, hoekom sal vooraanstaande kundiges by die Globale Voedselsekerheidsberaad in November 2023 bymekaarkom? (1 x 2) (2)

3.1.2 Verduidelik die term *beraad* in die konteks van die Globale Voedselsekerheidsberaad wat in November 2023 gehou is. (1 x 2) (2)

3.1.3 Identifiseer die TWEE grootste faktore, uit die bron, wat wêreldhonger dryf. (2 x 1) (2)

3.1.4 Wat, dink jy, word geïmpliseer deur die frase, " ʼn skoenlapper se vlerke wat aan die een kant van die wêreld klap, is in staat om honger aan die ander kant te dryf" in die konteks van globalisering? (1 x 2) (2)

3.1.5 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik die impak van die inval in die Oekraïne op voedselsekerheid. (2 x 2) (4)

3.1.6 Gee TWEE nuwe benaderings, uit die bron, wat die Globale Voedselsekerheidsberaad sal gebruik om voedselsekerheid in armer lande te bevorder. (2 x 1) (2)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer TWEE rampe in die bron wat wêreldhonger vererger het. (2 x 1) (2)

3.2.2 Definieer die term *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Lewer kommentaar op wat jy dink geïmpliseer word deur die stelling 'in plaas daarvan om die broosheid (swakheid) van die voedselstelsel te verminder, vererger die jongste internasionale pogings wat deur die Verenigde State gelei is om honger te beëindig, dit net, veral vir Afrika.' (1 x 2) (2)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom ʼn hoogs geïndustrialiseerde voedselstelsel nie in staat is om voedselsekerheid in armer lande te handhaaf nie. (1 x 2) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.3.2 Lewer kommentaar oor die beperkings van die bron vir ’n historikus wat voedselsekerheid in ontwikkelde lande bestudeer. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Noem TWEE nuwe projekte wat die Wêreldbank as deel van die wêreldwye reaksie op die voedselsekerheidskrisis beoog het om te finansier. (2 x 1) (2)

3.4.2 Identifiseer enige DRIE lande wat lede van die G7-groepering is. (3 x 1) (3)

3.4.3 Noem EEN organisasie wat daarop gemik was om die verergering van die voedsel- en voedingsekerheidskrisis te voorkom. (1 x 1) (1)

3.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Wêreldbankgroep en die G7-groep beplan het om wêreldhonger uit te roei. (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bronne 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D aangaande die uitdagings van voedselonsekerheid in die wêreld ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe globalisering voedselsekerheid in ontwikkelde en ontwikkelende lande in die 21ste eeu beïnvloed het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Tot watter mate het selfgelding, wat deur die Swartbewussynsbeweging bevorder is, swart Suid-Afrikaners beïnvloed om die apartheidsregime in die 1970's uit te daag?

Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die proses van onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika was deurtrek (gevul) met geweld en spanning wat amper die geboorte van 'n nuwe Suid-Afrika ontspoor het.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te staaf. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Bespreek krities hoe Gorbatsjof se hervormings tot die ineenstorting van kommunisme en die verbrokkeling van die Sowjetunie gelei het, wat uiteindelik vanaf 1989 verandering in die Suid-Afrikaanse landskap gebring het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**